Aangewys as die nuusbrief wat die beste vordering getoon het — 2010

# Kampvuurnuus

Jaargang 3

April — Julie 2011

Artikels

- Sjokolade
- Sonkrag
- Toer
- Terugvoer

## Sjokolade

### Net 'n smulhappie of gesondheidskos?

Daar is al baie gedebatteer of sjokolade goed of nadelig vir die mens is. Ek het so 'n paar feite gaan naslaan en ook sommer gaan kyk hoe dit ontstaan het. Kom ons begin by die begin.

Sowat 2 000 jaar gelede is die unieke smaak wat in die peule se saad van die *kah Kow* boom opgesluit was, ontdek. Aanvanklik was dit eers in 'n drankie gebruik. Die Majas en Asteke, vervloë kulture in die sentrale en suidelike Amerika (Mesoamerika), het die sade of bone gemaal en dit met ander speserye vermeng om die unieke smaak na vore te laat kom. Die Spanjaarde het hierdie bone teëgekom en dit op ander wyses begin gebruik.

Die Majas het die bone laat gis, dit gerooster en tot 'n pasta gemaal. Dit is dan onder andere met rissies, meel en water gemeng om die besondere drankie te verkry. Die bone is ook onder die Asteke as betaalmiddel gebruik. Die drankie was nie vir almal beskore nie. Slegs koninklikes onder die Majas kon dit drink, maar by die Asteke was dit meer algemeen, maar tog mense van vernaam. Die woord "sjokolade" het waarskynlik sy oorsprong in die taal wat die Asteke gebesig het, naamlik Nahuatl. Hulle het die drankie *xacolātl* genoem, wat bitter water beteken. Tydens religieuse en koninklike gebeure is die drankie bedien en sade is as offers aan die gode gebring. Hoewel die Asteke nie die plante in die droë landstreke waar hulle gewoon het, kon kweek nie, het hulle ruilhandel toegepas om die bone te bekom en het selfs sover gegaan om die gewone mense wat wel in kakaostreke gewoon het, 'n belasting te laat betaal – kakaobone. 'n Spanjaard, Hernando de Oviedo y Valdez, het 'n rapport geskryf oor sy besoek aan die gebied in 1513 waarin hy meld dat tien kakaobone die dienste van 'n prostituut kon bekom, vier bone kon 'n haas vir ete koop en hy het 'n slaaf vir 100 bone aangeskaf. In 1544 was dit die dagloon van 'n portier en 'n haas het ook vir 100 bone verkoop – daar was toe ook inflasie! Dit het selfs 'n betaalmiddel in Spanje geword (1625). Die Asteke het geglo dat die god Quetzacoatl, hierdie hemelse drankie aarde toe gestuur het.

Die Spanjaarde het Meksiko onder leiding van Hernán Cortés in 1521 ingeval en het gou die waarde van hierdie drankie besef. Sade is na Spanje verskeep en vir die volgende 300 jaar bly die drankie slegs vir die elite beskore. Die Spanjaarde het egter nie by die tradisie gehou nie en suiker, kaneel, vanielje en ander speserye by die drankie gevoeg om die bitterheid weg te neem. Hierdie drankie word vir amper 'n honderd jaar van die res van Europa weggehou, maar toe dit eers bekend word, versprei dit soos 'n veldbrand.

Die verbouing van kakao het basies onveranderd gebly, maar natuurlik het die prosessering van die produk met tyd goedkoper en vinniger geword. Die peule word nog steeds met die hand gepluk, laat gis en gerooster.

Gedurende die sestiende eeu het dit ook deel van die Katolieke kerk se gebruik as voedingsdrankie tydens vasperiodes geword.

Nadat die res van Europa die drankie ontdek het, is daar in die onderskeie kolonies naby die ewenaar met verbouing van kakao begin – die Hollanders het plantasies in Venezuela, Sumatra en Java gevestig, terwyl die Britte in Ceylon (die hedendaagse Sri-Lanka) en die Franse in die Wes-Indies plantasies aangelê het. Slawerny het met die intense verbouing en aanvraag gehelp.

In die laat 1600s het Sir Hans Sloane, president van die *Royal College of Physicians* melk by die mengsel gevoeg om dit ligter en 'n meer geronder smaak te gee. Sjokoladehuise het in Londen gedurende 1657 geopen. Party het slegs mans toegelaat en ander weer, enigiemand wat die toegangsgeld kon bekostig.

John Hanan verskeep die eerste kakaobone na Amerika in 1765 met die idee om die bone met dr. Jamer Baker se hulp te prosesseer. Dit lei tot die ontstaan van *Baker's Chocolate.* Francois Louis Cailler begin die eerste Switserse sjokoladefabriek in

*Vervolg op bl. 5*

Inhoud


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | 2 |
| Bestuur | 3 |
| Uit die groot stoel | 3 |
| Oordenking | 4 |
| Briewe ontvang | 6 |
| Bestuurskaskenades | 8 |
| Streeksnuusbrokkies | 9 |
| Kampnuus | 10 |
| Peuters & Kleuters | 10 |
| Humor en ander | 11 |
| Tegnies | 13 |
| Advertensie | 14 |
| Op 'n ander trant: Vraelys terugvoer | 15 |
| Erekode | 17 |
| Kampkos | 17 |
| Verjaarsdae | 17 |
| Ledelys | 18 |
| Advertensie | 20 |


*Die swaeltjies op die telefoon-draad*
*luister af hoe praat*
*die mense hoe knieserig brom*
*hulle van die koue wat kom*
*uit die barre suide van die lief-like oorde*
*wat lê die warm welige somer-noorde*
*dis hoe die swaeltjies so korrek*
*weet om agter ons drome*
*aan te trek.*

*- TT Cloete*

# Redaksioneel

Elke nuusbrief is 'n uitdaging om saam te stel, maar ek moet bieg dat hierdie een tot dusver die moeilikste was en dit om verskeie redes. Heelwat gebeure het veroorsaak dat mense ongelukkig was oor sekere aspekte. In soverre ek daarby betrokke was, wil ek 'n olyftakkie uithang met die opregte wens dat dit in die gees waarin dit gedoen word, aanvaar sal word.

Ek wil aan almal wat by die afsluiting van Wesrand tydens die Sitrusfees was, om verskoning vra. Ek is jammer dat ek die aangeleentheid geheel en al verkeerd hanteer het. Die Engelse het 'n spreuk wat sê *hindsight is good science*, maar dit regverdig nogtans nie my optrede nie—GROOT ASKIES!

Briefskrywers verwys na "*'n negatiewe gees*", asook "*Dit maak mense wat op hierdie stadium ongelukkig is, nog meer ongelukkig*." Ons het tydens 'n bestuurskamp die begin van die jaar oor samehorigheid gepraat en besluit dat dit by die bestuur moet begin. Die vraag bly egter **hoekom van die lede ongelukkig is?** Tydens die bestuurskamp is daar ook besluit om 'n vraelys aan lede te gee om te bepaal hoe daar oor die bestuur, asook oor kampe gevoel word. Op bladsy 15 is 'n opsomming van die lede se antwoorde.

Die vorige nuusbrief mag volgens 'n bestuursbesluit nie op SAWA se webwerf verskyn nie. 'n Nuusbrief skep die geleentheid om gebeurlikhede in die streek/assosiasie aan lede deur te gee. Een van die anonieme briefskrywers verwys na die nuusbrief as 'n koerant. Wat word dan nou eintlik in 'n nuusbrief verwag?

Gelukkig is daar darem positiewe aspekte om ook aandag aan te gee en een daarvan is die artikel oor sjokolade, 'n gunsteling onder vele van ons. Ons het ook iets om oor na te dink oor sonenergie en die nadele van goedkoop koop, veral nou dat hierdie tegnologie so na vore tree in die kampwêreld.

Die storie oor die natuurbewaarders se doen en late in die Etosha het by my baie byval gevind en ek hoop julle sal dit ook net so geniet.

Die jaar het op 'n drafstappie begin en voor ons ons oë uitvee betree ons die Kersgety, maar voor ons daar kom, is die NUB, AJV en kongres voor ons deur. Ek vertrou dat met die leiding van Bo die bestuur vir die volgende verkose termyn SAWA in die onderskeie verantwoordelikhede met kundigheid en daad sal lei om *dít* waarna die stigterslede gestreef het, te bereik. Dit sal egter van ons afhang wie ons verkies om hierdie taak namens die lede tot volvoering te bring.

Plutarchus het gesê 'n vriend is nie iemand wat verander wanneer ek verander en wat knik wanneer ek knik nie; my skaduwee doen dit en veel beter. Kom ons poog om 'n ware vriend in SAWA se lede te hê.

Geniet die Kampvuurnuus!

*Groete*
*Paula*


# Wesrandbestuur




Voorsitter: Francois Groenewald
083 677 5621 011 275 3809 (w) fgroenewald@mfc.co.za



Sekretaresse: Tricia Swanepoel
076 570 0059 011 472 3600 (w) tricia@uasa.org.za



Penningmeester en ondervoorsitter: Martie Steyn
011 953 2908 (h) 011 470 2623 (w)
072 022 0573 martie.steyn@za.drdgold.com



Plaatjiekoördineerder: Naomi Groenewald
011 768 2411 (h) 076 754 2842 Naomi.groenewald@eskom.co.za



Nuusbriefredakteur: Paula van Deventer
011 954 2575 (h) 082 924 4249 pm.vdeventer@gmail.com



Skakelbeampte: Dániel van Deventer
083 408 2758 daniel.vandeventer@beckers-bic.com



Addisionele lid: Willie Steyn
011 858 6919 (w) 082 823 4013 willie.steyn@standardbank.co.za

# Uit die Groot Stoel

Dagsê Wesranders

Sedert ons laaste gesprek is oom Sam oorlede. Dis nie lekker om te moet afskeid neem van iemand wat sulke diep spore in Sawa, asook in sy omgewing, getrap het nie. Ons gaan hom en al sy sêgoed geweldig mis. Aan tannie Dina wat nou gaan ophou kamp, sê ons dat ons vir tannie sal mis. Tannie sal egter nie uit ons gedagtes uit verdwyn nie.

Baie dankie aan almal wat so lekker saamgewerk het tydens die Presidente. Sowat van kuier het ons lanklaas beleef en aan julle wat tydens die kaskarresies die streek se naam hoog gehou het, sê ons dankie.

Die nominasievorms is uit. Dink mooi vir wie julle op die Bestuur wil hê en nomineer daardie persone. Met Tricia wat nou gaan uittree, gaan daar noodwendig 'n verandering op die Bestuur wees. Hiermee wil ek dan ook vir Tricia dankie sê vir al die tyd en moeite wat sy ingesit het en gun ons vir haar en die res van haar gesin, die rus.

Ek doen 'n beroep op almal van julle om ons AJV te kom bywoon. Dit gaan die oggend om 10:00 plaasvind en wel by Country Park. Dis nou op die 20e Augustus.

Vir die van julle wat lanklaas saam gekamp het, doen gerus die moeite en kom kuier weer saam met ons. Ons mis julle en wil graag hê dat julle weer moet kom saamkamp.

Groete van woonwa tot woonwa.

*Francois*




*Partykeer kom 'n mens darem maar vreemde sleepkombinasies teë*

# Oordenking



*Om diensbaar te wees is om Godsvrug uit te deel.*

*Gal 5:13 Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.*
*Rom 6:22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.*

Hoe diensbaar is ons? Elke dag werk toe, die ekstra myl word geloop, ons gaan huis toe en daar word nog 'n pond vleis van jou verwag, meer en meer word ingesit en dan die antwoord ,"alles tevergeefs, alles tevergeefs"
(Prediker 1:2).

Die lewe eis sy tol en jy kan nie verstaan dat, ten spyte van die feit dat jy elke dag jou volle deel gee, daar geen bevrediging, vrede of geluk is wat jy so na smag nie. In Gal. 5:13 kry ons gemoedsrus hierin dat ons tot Vryheid geroep is, hierdie Vryheid moet ons dan hoofsaaklik gebruik in die Gees en daardeur moet ons mekaar dien. Hierdie dien is om, ten eerste, jou Meester te dien, in gees, siel en liggaam, daarna, om jou mede gelowiges te dien in die kosbare liefde wat aan ons gegee en bewys is deur Christus Jesus en daarna moet ons ons medemens dien.

In Rom. 6:22 leer die woord vir jou en vir my, dat ons vrygemaak is van die sonde, nou is ons diensbaar aan God en het ek en jy die vrug tot diensbaarheid gekry. Hierdie vrug is die Gees van God in jou en my lewe. Dit vind ons in
Gal. 5:22.

Sodra ek en jy begin om God en dan mekaar te dien in hierdie absolute liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, ens., sal ons ervaar dat ons diensbaarheid skielik baie meer vrugte afwerp (wat so 'n groot seën vir ander is) en skielik ervaar ons die eie vrede in ons lewens asook die bevrediging en geluk wat ons na smag. Diensbaarheid kry nuwe betekenis wanneer die liefde van God die sentrale punt van my en jou lewe word.

Gebed:
Ere aan God in die hoogste Hemele en vrede op aarde in die mens. Dankie aan U, ons Meester vir vrede en liefde wat ons uit genade so mildelik uit U hand ontvang. Help my om uit te gaan en ander te dien in hierdie liefde wat U aan my bewys het. Lof, eer en aanbidding vanuit die diepte van my hart aan u Meester!
Amen.

## Staan 'n oomblik stil

Die dominee en sy elfjarige seuntjie het die gewoonte gehad om elke Sondagmiddag na kerk, die dorp in te vaar en traktaatjies uit te deel met die evangelieboodskap op. Een Sondag kom die seun by Pa aan, toegewikkel in sy warmste klere: "Ek is reg Pa!" Die dominee is effens uit die veld geslaan - dit is bitter koud en die reën kom in emmersvol af. "Nee Seun, ons kan nie vandag gaan nie, nie in hierdie eendeweer nie.." Teleurstelling is duidelik op die outjie se gesig te lees: "Maar Pa.., gaan mense dan nie Hel toe as dit reën nie?"
"Kyk Seun, ek gaan beslis nie in sulke weer uit nie!"
"Maar mag ék dan maar gaan Pa? Asseblief Pappie."
Nadat die dominee goed oor die saak gedink het, gee hy vir sy seuntjie 'n pak traktaatjies om te gaan uitdeel en opgewonde vaar die outjie alleen die sopnat strate in. Daar was byna g'n siel te siene op straat nie, dus loop hy van deur tot deur en deel sy traktaatjies uit. Na twee ure se harde werk het hy nog net een traktaatjie oor. Sopnat gereën en bibberend van die snerpende koue stap hy na 'n huis toe om sy laaste traktaatjie af te gee. Hy lui die klokkie, maar niemand maak oop nie. Hy lui weer 'n slag, maar binne is dit doodstil. Dan druk hy die knoppie met mening en lui en lui, maar binne gebeur absoluut niks nie.
Uiteindelik draai hy om, om te loop, maar dit is asof 'n stemmetjie binne in hom vir hom sê om terug te gaan. Hy draai om, lui weer die klokkie en begin om aan die deur te klop en later te hamer met sy vuis. Dit is asof iets hom by daardie deur hou. Net toe hy wil moed opgee, gaan die deur stadig oop. 'n Ou tannie wat duidelik baie bedroef is vra vir hom of sy hom kan help. Met ogies wat glinster en 'n glimlag van oor tot oor gee hy vir haar sy traktaatjie: "Ek is jammer ek het Tannie gepla, maar, ek wou net vir Tannie kom sê dat Jesus rêrag vir Tannie lief is. Hier is my heel laaste traktaatjie vandag - daarop vertel dit alles van Jesus en Sy groot liefde!" En daarmee gee hy vir haar die traktaatjie, draai om en hardloop huis toe.
Die volgende Sondagoggend staan die dominee op die preekstoel. Sy oë gaan oor sy gemeente en toe vra hy of daar dalk iemand is wat 'n getuienis het wat hy wil lewer voor die diens begin. Heel agter in die kerk staan 'n ouerige dame op, haar gesig stralend.
"Niemand ken my in hierdie kerk nie," begin sy vertel, "want sien, voor verlede Sondag was ek nie 'n Christen nie en ek was nog nooit in hierdie kerk nie." Die mense rek eintlik hulle nekke om hierdie vreemdeling te sien. Sy begin haar verhaal vertel:
"My man is 'n paar jaar gelede dood en toe los hy my stoksiel alleen op hierdie droewige aarde. Laas Sondag was dit

'n besonder koue, nat en mistroostige dag, en ek het net gevoel dat daar vir my absoluut niks hier oorbly om voor te leef nie. Ek het 'n stuk tou gevat en 'n stoel en ek is op na die solder toe. Daar het ek op die stoel geklim, die tou om 'n balk vasgemaak en die ander punt om my nek. En daar staan ek, so bitterlik jammer vir myself. Ek het die einde van my paadjie bereik! Net toe ek wil spring, lui die deurklokkie - ek het my byna dood geskrik. Ek het doodstil gestaan en gedink dat wie ook al die klokkie lui sou padgee, maar hy het nie! Die gelui het al harder en dringender geword en ek het begin wonder wie mý deurklokkie so sou lui, want niemand het ooit vir my kom kuier nie. Naderhand het die gelui 'n geklop geword en naderhand het die persoon met sy vuiste teen die deur gehamer. Ek kon dit nie meer vat nie en toe maak ek maar die tou los om te gaan kyk wie dit is."

"Ek kon my oë nie glo toe ek die deur oopmaak nie, want voor my het 'n seuntjie gestaan - sy gesiggie stralend soos 'n engel s'n. En daardie glimlag - ek kan dit skaars beskryf! Toe hy begin praat, is dit soos 'n engel wat met my praat: "Tannie", het hy gesê, "Tannie, ek kom net vir Tannie vertel dat Jesus vir Tannie 'rêrag' liefhet!" My hart wat so morsdood was het in my keel geklop. En toe gee hy vir my hierdie traktaatjie wat ek vashou."

"Toe hy weg is, vat ek die traktaatjie en ek lees dit oor en oor - ek het elke woord daarin ingedrink. Ek stap toe op na die solder toe en gaan haal die tou en die stoel, want toe was dit nie meer nodig nie, want sien, ek is nou 'n kind van die Koning. Julle kerk se adres was agter op die traktaatjie en ek het net vanoggend gekom om te kom dankie sê vir die engeltjie wat my lewe kom red het en my gered het van die ewige verderf in die hel."

Teen daardie tyd was daar seker nie 'n enkele persoon in die kerk wat nie gesit en trane afvee het nie. Die dominee het van die preekstoel afgeklim en sy klein engeltjie styf teen sy bors vasgedruk terwyl die trane vryelik oor sy wange loop. Daar is seker nie 'n gemeente wat 'n groter oomblik van glorie beleef het as hierdie een nie, of 'n pa wat meer vervul was met liefde en eerbetoon vir sy seun as hierdie een nie, buiten Een: hierdie Vader het óók Sy Seun in die donker, koue wêreld ingestuur om die Boodskap van Redding aan die wêreld te bring. Sy Seun was verag, verwerp, gespot, geslaan en aan 'n kruis vasgespyker. Toe alles verby was, het Hy Sy Seun terug verwelkom en Hom op die troon laat sit om te regeer oor die heelal.

Daardie Seun bring vandag steeds hoop en redding vir die wêreld, maar Hy vra vrywilligers soos ek en jy om Sy boodskap met vreugde uit te dra aan mense wat verlore is.

*- Ansie Kruger*

---

*Vervolg van bl. 1*

**Net 'n smulhappie of gesondheidskos?**

Daar is al baie gedebatteer of sjokolade goed of nadelig vir die mens is. Ek het so 'n paar feite gaan naslaan en ook sommer gaan kyk hoe dit ontstaan het. Kom ons begin by die begin.

Sowat 2 000 jaar gelede is die unieke smaak wat in die peule se saad van die *kah Kow* boom opgesluit was, ontdek. Aanvanklik was dit eers in 'n drankie gebruik. Die Majas en Asteke, vervloë kulture in die sentrale en suidelike Amerika (Mesoamerika), het die sade of bone gemaal en dit met ander speserye vermeng om die unieke smaak na vore te laat kom. Die Spanjaarde het hierdie bone teëgekom en dit op ander wyses begin gebruik.

Die Majas het die bone laat gis, dit gerooster en tot 'n pasta gemaal. Dit is dan onder andere met rissies, meel en water gemeng om die besondere drankie te verkry. Die bone is ook onder die Asteke as betaalmiddel gebruik. Die drankie was nie vir almal beskore nie. Slegs koninklikes onder die Majas kon dit drink, maar by die Asteke was dit meer algemeen, maar tog mense van vernaam. Die woord "sjokolade" het waarskynlik sy oorsprong in die taal wat die Asteke gebesig het, naamlik Nahuatl. Hulle het die drankie *xacolãtl* genoem, wat bitter water beteken. Tydens religieuse en koninklike gebeure is die drankie bedien en sade is as offers aan die gode gebring. Hoewel die Asteke nie die plante in die droë landstreke waar hulle gewoon het, kon kweek nie, het hulle ruilhandel toegepas om die bone te bekom en het selfs sover gegaan om die gewone mense wat wel in kakaostreke gewoon het, 'n belasting te laat betaal – kakaobone. 'n Spanjaard, Hernando de Oviedo y Valdez, het 'n rapport geskryf oor sy besoek aan die gebied in 1513 waarin hy meld dat tien kakaobone die dienste van 'n prostituut kon bekom, vier bone kon 'n haas vir ete koop en hy het 'n slaaf vir 100 bone aangeskaf. In 1544 was dit die dagloon van 'n portier en 'n haas het ook vir 100 bone verkoop – daar was toe ook inflasie! Dit het selfs 'n betaalmiddel in Spanje geword (1625). Die Asteke het geglo dat die god Quetzacoatl, hierdie hemelse drankie aarde toe gestuur het.

Die Spanjaarde het Meksiko onder leiding van Hernán Cortés in 1521 ingeval en het gou die waarde van hierdie drankie besef. Sade is na Spanje verskeep en vir die volgende 300 jaar bly die drankie slegs vir die elite beskore. Die Spanjaarde het egter nie by die tradisie gehou nie en suiker, kaneel, vanielje en ander speserye by die drankie gevoeg om die bitterheid weg te neem. Hierdie drankie word vir amper 'n honderd jaar van die res van Europa

weggehou, maar toe dit eers bekend word, versprei dit soos 'n veldbrand.

Die verbouing van kakao het basies onveranderd gebly, maar natuurlik het die prosessering van die produk met tyd goedkoper en vinniger geword. Die peule word nog steeds met die hand gepluk, laat gis en gerooster.

Gedurende die sestiende eeu het dit ook deel van die Katolieke kerk se gebruik as voedingsdrankie tydens vasperiodes geword.

Nadat die res van Europa die drankie ontdek het, is daar in die onderskeie kolonies naby die ewenaar met verbouing van kakao begin – die Hollanders het plantasies in Venezuela, Sumatra en Java gevestig, terwyl die Britte in Ceylon (die hedendaagse Sri-Lanka) en die Franse in die Wes-Indies plantasies aangelê het. Slawerny het met die intense verbouing en aanvraag gehelp.

In die laat 1600s het Sir Hans Sloane, president van die *Royal College of Physicians* melk by die mengsel gevoeg om dit ligter en 'n meer geronder smaak te gee. Sjokoladehuise het in Londen gedurende 1657 geopen. Party het slegs mans toegelaat en ander weer, enigiemand wat die toegangsgeld kon bekostig.

John Hanan verskeep die eerste kakaobone na Amerika in 1765 met die idee om die bone met dr. Jamer Baker se hulp te prosesseer. Dit lei tot die ontstaan van *Baker's Chocolate.*

Francois Louis Cailler begin die eerste Switserse sjokoladefabriek in 1819.

Die Hollander, Coenraad Van Houten het in 1828 vir 'n deurbraak gesorg met sy hidroliese kakaopers. Dit het die kakaobotter uit die sade laat kom en het ook vir 'n romeriger pasta gesorg. Voorheen was die tekstuur maar redelik grof. Die produk kon nou vinniger en goedkoper gemaak word. Verder het hy alkali-grondstowwe bygevoeg om dit makliker met water te vermeng, maar ook om dit 'n sagter smaak en donkerder kleur te gee.

In 1847 word soliede sjokoladestafies deur Joseph S Fry & Sons in Engeland bekendgestel. In 1868 bring Richard Cadbury die boks-sjokolade-idee in die kollig, met 'n prentjie van sy dogter wat 'n katjie vashou buiteop. Hy het ook die idee met Valentynsdag vereenselwig deur 'n hartvormige sjokoladeboks vir dié dag voor te hou.

In 1875 voeg Daniel Peter en Henri Nestlé gekondenseerde melk by en hierdie melksjokolade kry groot aftrek. In 1879 vorm hulle die Nestlé maatskappy en in dieselfde jaar laat Rodolphe Lindt 'n romeriger sjokolade die lig sien, oftewel 'n

*Demokrasie is die kuns en wetenskap om die sirkus te beheer vanuit die aaphok*

*-HL Mencken*

# Briewe ontvang

Na aanleiding van die artikel oor Kampetiek in die vorige Kampvuurnuus.

Die aantuigings wat daar gemaak word oor waar ek my woonwa staan gemaak het, weergee nie die korrekte inligting nie. Eerstens het ek nie in die middel van 'n kring gestaan nie, want daar was geen kring nie as jy die ligging van al die woonwaens in berekening bring. Tweedens het ek nie reg voor 'n ander woonwa gestaan nie, maar skuins voor 'n woonwa ongeveer 6  tot 8 meter van die betrokke wa. Derdens kon ek nie langs die betrokke woonwa of meer agter toe gestaan het nie as gevolg van ongelyke grond en bome. Die persone wat die artikel geskryf en die foto geneem het, het net iets gesoek om my in 'n swak lig te stel – waaroor weet ek nie, maar ek sal nog die aangeleentheid met die betrokke partye opneem.

Na aanleiding wat al gesê is op Wesrand vergaderings en op kampe die afgelope maande, doen Wesrand slegs skade in plaas van om die menseverhoudinge en gees op te bou.

Hierdie negatiewe gees wat sy kop uitgesteek het moet so gou as moontlik in die kiem gesmoor word.

Groete
Willie

---

Aan die Voorsitter en Nuusbriefredakteur

Doen eers jou huiswerk voor afbrekende artikels in die nuusbrief geplaas word. Ons bedryf 'n nuusbrief en nie 'n koerant nie.

Van die bestuur en mede Wesranders voel die beeld wat uitgedra word deur die nuusbrief kan baie skade berokken.

Wanneer ons van mekaar verskil of 'n probleem het, sorteer dit met die bestuur uit. Dit wil voorkom of net sekere inligting direk geplaas word, sonder dat dit met die bestuur uitgeklaar word. Van die lede het versoek dat die nuusbrief gestop moet word. Ek persoonlik stem daarmee saam. Doen eers julle huiswerk om seker te maak die artikels kan geplaas word.

Die oumens wat die artikel vir jou gegee het om te plaas, het seker vergeet van al die hulp wat die spesifieke naweek aan hom gebied is.

'n Ander oumens het gevra dat hy langs hom moet kom staan, waar hy geweier het en alleen onder n boom staanplek gemaak het.

Die oumens het hom gehelp met sy tent. So word die oumens onder die boom siek, waar 'n mede Wesrander vir hom medikasie gevat het, en verskeie kere hom gaan moni-

tor het in sy woonwa. Dit word nie genoem dat daar wel Wesranders is wat omgee nie.

Waar kom die woord respek dan verdaan verdien dit en jy sal dit terug ontvang Daar is 2 soorte respek inherente en verdiende respek.

Ek dink dit is onmoontlik om respek te he of te betoon aan sienswyses en waardes waarvan jy diepgrondelik verskil. Respek is 'n houding wat Ek aanneem in 'n bepaalde konteks. Die respek wat ek aan iemand betoon, word volgens my bepaal dmv hoe ek sy of haar optrede volgens my waardestesel interpreteer.

Groete
Mede Wesrander

---

Liewe Dániel

Ek het jou rebriek oor respek gelees en besef daar is darem nog ouers wat hul kinders leer om ander te respekteer. My ouers het my ook so geleer, maar namate ek ouer geword het, het ek ook begin besef dat respek soos lojaliteit verdien moet word.

Respek is jou gawe aan 'n ander, niemand kan dit van jou koop nie. Ek dink nie daar is in die werêld genoeg geld, as jy alles bymekaar gooi, wat dit kan koop nie. Jy, as die houer daarvan, kan dit verniet gee aan wie jy wil.

Ek en my ou Mens het gaan kamp en ons was redelik voeg daar. Later het 'n ander ou mens daar aan gekom en my ou Mens sê vir hom hy moet langs ons kom staan, maar hy het verkies om heel uit die pad uit onder 'n boom te gaan staan. My ou Mens het gegaan en hom gehelp om sy wa staan te maak en sy "canopy" op te trek Sondag met die afsluiting staan die ou mens toe op verklaar dat hy uitgeskuif word en niemand help hom ooit nie. Nou vra ek jou met trane in my grond blou oë, wie het hom uit geskuif – Hyself Wie het hom gehelp, en sal dit oor my dooie liggaam nie weer doen nie – My ou Mens. Soos ek sê respek moet verdien word.

Groete
Annoniem

---

Liewe lesers

Dit gee 'n mens so 'n warmte om die hart as jy reaksie kry oor 'n artikel of bydrae wat in 'n publikasie deur jou geplaas is – dit wys darem dat daar tog lesers is wat die goed lees. Nou ja, partykeer, soos in hierdie geval, blyk dit nou dat ek op iemand se tone getrap het – onwetend. 'n Deel van hierdie artikel is deur lesers geïnterpreteer as 'n voorval tydens 'n kamp van Wesrand (sonder om eers hulle huiswerk te doen) maar dit daar gelaat: Die belangrike is egter dat daar nou aandag aan etiek tydens kampe gegee **<u>mag</u>** word. Die artikel het dan mos sy doel bereik.

Om verder by die artikel aan te sluit : Ons het in hierdie jaar 'n paar keer buite Wesrand se kampe die buitelug gaan opsoek en een van die laaste kampe weer ervaar hoe een klomp 'n reuse rookwolk komende van 'n houtvuur die lug instuur – weereens nie omgegee het oor die bure wat daarin verstik nie en ook nie om verskoning gevra het nie. Dan was daar die luidrugtige groep met nog 'n kamp wat tot in die vroeë oggendure van hulle laat hoor het, maar verskeie kere die volgende dag om verskoning kom vra het (nie elke keer dieselfde persoon nie, maar verskillende persone uit die groep) en dit was net 'n vrolikheid (nie 'n gesuipery nie) wat nie regtig só steurend was nie. Dit wys dat hulle omgegee het oor hulle optrede en hoe dit ander sou mag raak.

Groetnis
Dániel

*Briewe is onveranderd geplaas en verwys na die artikel* ***Kampetiek*** *in die* ***Kampvuurnuus*** *van Januarie—Maart 2011.*

*Ek waardeer die skrywes wat ontvang is en plaas dit met graagte ter wille van deursigtigheid, maar ons moet waak om nie hierdie forum te gebruik om 'n wig tussen ons lede in te dryf nie. Ons het elkeen seker heelwat aspekte wat ons graag voor iemand se deur wil lê, maar kom ons volstaan met hierdie skrywes oor die onderwerp van wie het waar gestaan en hoekom hulle daar gestaan het. Ons is nou daarop bedag gemaak dat daar ander kampeerders is wat ook in ag geneem moet word en dat ons dikwels onnadenkend dinge doen wat ander mag irriteer, verontrief of selfs seermaak.*

*- Red.*

*Wat beteken dit om respek vir iemand te hê? Is dit dat ons bang is vir 'n persoon, hulle bewonder of dink dat hulle beter is as ons? Hierdie is dikwels die wêreld se definisie van 'respek'. Ware respek is egter baie meer en baie minder as dit. Respek, soos God dit van ons verwag, is om ander mense so lief soos jouself te hê, dat jy daardie mens sal behandel soos jyself behandel wil word, dat jy hulle individuele sterk punte soek, dit raaksien en waardeer. Jy sal die persoon die eer gee wat hulle toekom vir wat hulle bereik het.*

*Meer as dit: jy sal minderes soos konings laat voel en meerderes soos gewone mense. Moet nooit soveel van jouself dink dat jy nie afbuig na 'n kind nie. Maar moet ook nooit so min van jouself dink dat jy voor 'n ander moet kniel nie.*

*-John Wesley*

# Bestuurskaskenades

**BESTUURSVERGADERING GEHOU OP 13 APRIL**

**Finansies/fondsinsameling**
Die kas moet minste op R10 000 kom.

Die koekies vir die Presidente is bestel. Die bedrag beloop R1 120,00. Kleiner verpakkings moet ook nog afgehaal word.

Kollektes moet afgetrek word van die kontant gelde. Die bedrag ingesamel vir April, insluitend die Gebiedskamp, was R4 792,50.

**Plaatjiekoördinering**
Streeksaamtrekplaatjies is redelik duur en sal oor 'n jaar of wat weer bestel moet word.

**Saamtrekke**
Terugvoer van Gebiedskamp te Koppisol: Die beplanning kon beter gewees het, maar dit was tog 'n lekker naweek.

Presidente, Potchefstroomdam: Plakkate, asook die Wesrand-banier moet by die tafel tydens die verkope gesit word. Kaskarwedren: daar is voldoende persone om te help. Hemde is beskikbaar vir die wedren. Die program sal op SAWA se webwerf gepubliseer word. Voogde hoef nie lede vir die geleentheid te skakel nie.

Lede moet geskakel word om te herinner aan die betaling (nie later as 27 April) wat vir die Sitrusfees gemaak moet word.

**Huldeblyk aan Sam Odendaal**
Foto's moet aan die voorsitter gestuur word indien enige van Sam Odendaal beskikbaar is vir die huldeblyk wat hy beplan. Ander aspekte hier rondom word ook bespreek.

**AJV 2011**
Beide Roodekruin en Wesrand gaan nie deel hê aan 'n gesamentlike AJV hierdie jaar nie. Country Park word geoormerk vir Wesrand. Die voorsitter sal Goudrif in kennis stel van die verwikkelinge. Elkeen bring 'n bordjie eetgoed na die verrigtinge.

**Gebiedstoekennings**
Die voorsitter meld dat Francois en Naomi Groenewald volgens die puntestelsel 'n Gebiedsere-toekenning moet ontvang.

**Gebiedsbestuur/NUB**
Kollekte: Roodekruin het 'n bedrag van R2 000 aan die NG Kerk van Lewisham oorbetaal
Buffelsfees: Dit is nie 'n Wesrand kamp nie, maar Wesrand is wel uitgenooi om einde Julie die kamp by te woon. Die naweektarief beloop R420. Betalings moet voor einde Junie direk by Streek Goudrif inbetaal word.
Jeugverteenwoordiger: Goudrif voel dat die Gebied 'n jeugverteenwoordiger behoort te hê, maar die Gebiedsbestuur het egter besluit dat dit by elke streek gelaat moet word. Die taak van 'n jeugverteenwoordiger sal wees om die toekoms van SAWA te verseker.
Streeksverslae: Dit word gestandaardiseer vir eenvormigheid.

**Algemeen**
'n Voorstel word gemaak dat al die voorraad in die tas afgeskryf moet en idees moet ingewin word hoe om hierdie voorraad onder die lede te verdeel, bv. deur 'n gelukkige nommer te trek tydens 'n naweek. Die voorraad sal tydens die kampnaweek van die Presidente beskikbaar wees sodat die Bestuur na die onderskeie items kan kyk.

**BESTUURSVERGADERING GEHOU OP 17 MEI 2011**

**Finansies/fondsinsameling**
Koekieverkope - Wesrand het 'n wins gemaak. Die "kinderkoekies" word as 'n sukses beskou.

Verkope van die tentpenslopies verloop stadiger as die verwagting, maar daar is tog meer belangstelling onder SAWA-lede as ander. 'n Opsomming sal saamgestel word.

**Aansoek om lidmaatskap**
Geen nuwe aansoeke nie, maar die name van Johan en Hester Pienaar (gewese SAWA-lede) is deur die nasionale voorsitter deurgestuur wat tydens die Sitrusfees sal saam kamp om moontlik aan te sluit.

**Plaatjiekoördinering**
'n Persoon is gevind wat die hout skildjies teen R2,50 elk kan verskaf, maar meer as 'n 100 moet aangekoop word.

**Redaksioneel**
Die volgende nuusbrief is in wording en behoort teen einde Julie versprei te word. Die uitleg word nog steeds bespreek. Lede van die bestuur wat kan help met die druk van die A3 formaat meld dat die uitleg op hulle rekenaars/drukkers verander. Daar sal weer hierna gekyk word om dit te voorkom. Verskoning word deur die redakteur aangebied vir die foutiewe weergawe van die Kampvuurnuus wat op SAWA se webwerf tans verskyn – dit sal reggemaak word.
'n Versoek word weereens gerig om bydraes aan te stuur. Willie Steyn sal 'n bydrae stuur oor die Presidente en Naomi Groenewald oor die Sitrusfees, maar dit moet nie net by bestuur bly nie.

**Saamtrekke**
Terugvoer van Presidente – Ondanks die reën het almal lekker gekamp. Wesrand en Goudrif se kinders het met die kaskarwedren saam 'n span gevorm.

Volgende saamtrek te Buffelspoort (Sitrusfees) – Daar sal tydens die naweek by die lede gehoor word oor hoe hulle voel om eerder 'n eie Boekevat vir die Sondag te hou of om die Christusfees by te woon.

**Nominasies vir Streekbestuur en kampe vir 2012**
Nominasievorms sal tydens die Sitrusfees uitgedeel word met die afsnydatum 19 Junie om 12:00.
Vorms vir kampe sal ook tydens die Sitrusfees beskikbaar wees. Dit sal tydens die naweek by Country Park bespreek word vir goedkeuring tydens die AJV.

**Gebiedsbestuur/NUB**

AJV: Dit word net weer herbevestig dat Wesrand alleen sal vergader by Country Park. Koek en tee sal na die vergadering bedien word met 'n gesamentlike braai die aand.
Toekennings: Toekennings onder Streek-ere moet na die NUB verwys word vir goedkeuring.
Kennisgewing ontvang: Daar word beoog om SAWA se gebiede te herverdeel met nasionale verteenwoordigers wat die onderskeie dele sal verteenwoordig, met die gevolg dat ook die Gebiedsbestuur se poste in gedrang sal kom. Die konsep is nie finaal nie, maar sal tydens die komende kongres vir goedkeuring ter tafel gelê word.

**Algemeen**
Die bestaande voorraad in die tas word weereens bespreek om afgeskryf te word en onder lede tydens kampe as pryse uit te deel. Dit sal by volgende kampe geïmplementeer word.

**BESTUURSVERGADERING GEHOU OP 8 JUNIE 2011**

**Finansies/fondsinsameling**
‘n Rekening van R420 word goedgekeur vir betaling vir hout skildjies wat aangekoop is. 'n Rekening vir die aankoop van posseëls en koeverte moet aangestuur word na die penningmeester.
Die voorraad is afgeskryf.
Die bestuur versoek ‘n uiteensetting van die inkomste en uitgawes rondom die tentpenslopies.

**Aansoek om lidmaatskap**
'n Aansoek is ontvang van Joniel en Sanet Steyn. Bestuur keur die aansoek goed. Naomi Groenewald sal Joniel en Sanet Steyn se voog wees.

**Redaksioneel**
Die ondervoorsitter meld dat sy die Kampvuurnuus nog hierdie keer kan druk, maar daarna nie weer nie. Die bestuur is baie ongelukkig oor die artikel in die Kampvuurnuus oor Kampetiek en voel dat dit op sekere lede van toepassing is en totaal onnodig was om die artikel, met ‘n foto daarby, te plaas. ‘n Hele aantal lede het ook hul ongelukkigheid daaroor met die voorsitter kom deel. Willie Steyn sal ‘n brief aan die Kampvuurnuus rig vir plasing.

Die bestuur neem die besluit dat die nuusbrief van Januarie - Maart 2011 nie na die webwerf gestuur moet word nie. Die nuusbrief moet nie in ‘n negatiewe lig gestel word nie, maar eerder gebruik word om lede positief te beïnvloed. Tans is dit nie die geval nie.

Die nuusbriewe is laat en word nie volgens bestaande riglyne tydig uitgegee nie. Die nuusbrief bevat ook spelfoute. Miskien moet die nuusbrief in die toekoms eers gekontroleer word voordat dit uitgegee word.

**Saamtrekke**
Terugvoer Sitrusfees: Ten spyte van die koue was dit 'n lekker kamp en die besoekers, Johan en Hester Pienaar, het goed ingeskakel. Een van die probleme by Buffelspoort is dat die staanplekke nie hulle daartoe verleen om gelyktydig saam te kuier nie.
Volgende saamtrek te Country Park: 16 Junie tot 19 Junie 2011. Elke lid moet versoek word om asseblief twee sakke hout saam te bring. Donderdag-, Vrydag- en Saterdagaand sal gesamentlike etes wees. Elke lid sorg vir sy eie familie met geregte en toerusting. Saterdagoggend sal ‘n gesamentlike ontbyt wees met eie geregte. Saterdagmiddag sal bestuur pannekoek bak en verkoop teen R3,00 per pannekoek.

**Geval by afsluiting – Sitrusfees**
Die voorsitter neem ernstig eksepsie teen die gebeure tydens die afsluiting. Hy voel dat dit persoonlik hanteer moes word en nie voor al die lede nie. Meeste lede het agterna gevoel dat dit onvanpas was.

**Toekennings**
Die voorsitter sal ná die Country Park kamp die lys deurgee vir die lede wat toekennings, volgens die puntestelsel, moet ontvang. Daar word geredeneer oor wie die Gerber-, Jollies-, Moer- en Wesrander van die Jaar trofeë moet ontvang.

Die goue agtergronde van die plaatjies kan by Trophy City aangekoop word. Dalk moet hulle dieselfde as die vorige jaar koop en dan net die voetjie afsaag soos voorheen.

**AJV**
Die Gebiedsvoorsitter, Sarie Geldenhuys en haar gade, Anton, is genooi het om saam met ons tydens die AJV te kamp. Daar word voorgestel en goedgekeur dat Wesrand hulle kampgelde vir die naweek moet betaal. Die AJV sal ‘n gewone vergadering wees en lede sal versoek word om elkeen ‘n bordjie eetgoed vir na die tyd te bring. Die aand sal ‘n gesamentlike braai wees en bestuur sal die pap en sous verskaf, sowel as nagereg.

**Gebiedsbestuur/NUB**
Die Gebiedsbestuursvergadering vind plaas op 9 Junie 2011. Terugvoer moet van nou af skriftelik gedoen word. Die bestuur gee die voorsitter goedkeuring om die verslag voor te lê.

**Algemeen**
Bestuur versoek skriftelike terugvoering oor die opname wat in Januarie gedoen is oor lede se gevoel oor die Bestuur asook kampe. Die ingevulde vorms moet die opsomming vergesel.

## Streeksnuusbrokkies

Frikkie Kraukamp herstel bevredigend na sy operasie.
Martie en Willie Steyn gaan hospitaal toe vir toetse.
Jan Swanepoel is tans in die land en dit gaan goed.
Roné Steyn ondergaan toetse vir lewerprobleme en word sterkte toegewens.
Dit gaan baie goed met Jan Joubert.
André de Koker se moeder is oorlede.
Hester Mans het geval maar dit gaan nou beter.
Ons dink aan Susan Eksteen — sterkte met die toetse.

# Kampnuus

### Presidente-saamtrek 2011

Die naweek van 22 tot 25 April, het 211 woonwaens saamgetrek by Potchefstroom Dam om die Presidente-saamtrek by te woon. Daar was slegs 6 woonwaens en een besoeker wat Wesrand Streek verteenwoordig het.


Dit is jammer dat daar so min Wesranders was, want die wat nie daar was nie, het 'n heerlike kuiernaweek verbeur.

Soos in die verlede het ons weer kleinkoekies verkoop op die Kermis, daar was ook spesiale klein pakkies koekies vir die kinders wat baie gewild was en ook baie vinnig uitverkoop het. Ons koekieverkope het goeie aftrek gekry en al die koekies was gou uitverkoop en ons kon 'n bedrag van R1 100,00 oorbetaal aan die Nasionale kas.

Die hoogtepunt van die kermis was natuurlik die kaskarwedrenne wat goed ondersteun was en Wesrand het 'n volwassene en kinderspan ingeskryf. Die twee spanne het redelik gevaar ten spyte van die feit dat sommige volwasse deelnemers gedink het dit is maklik en dat hulle redelik fiks is. Helaas moes hulle toe maar in die stof byt en erken dat kaskarwedrenne nie vir sussies is nie, tot groot vermaak van ons "ouer toeskouers".

*-Willie Steyn*

### Sitrusfees – ATKV Buffelspoort, 27 en 28 Mei 2011



Tjirp, tjirp maak die voëltjies my wakker … Aag moet ek opstaan? vra ek myself en toe onthou ek, ons gaan Buffelspoort toe! Gou - gou gaan die tyd verby en kan ons die woonwa haak. Buffelspoort hier kom ons!!!!

By Buffelspoort aangekom ontdek ons die staanplekke is kleiner as wat aan ons genoem is en dat nie al die lede op hul aangewysde plekke sal kan staan nie. Na beraadslaging met die kampkommandante kon ons 'n plekkie oorkant ons aangewysde plekke kry.

Nadat ons nes geskrop het en almal wat reeds daar was, gegroet het, asook Johan en Hester Pienaar (oudlede van Streek Vaalrivier) wat saam ons kom kamp het vir die naweek, merk ek dat die meeste waens met hul rûe na mekaar toe staan. Ai, ons kon tog na mekaar gekyk het...

Vrydagaand na boekevat en die oor en weer groetery soos wat net 'n Sawanant dit kan doen, het ons al bibberend koffie gaan drink en kuier-kuier ons weg terug woonwa toe gekry om vir die nag in te kruip.

Saterdagoggend het aangebreek en is ons na die Sitrusfees. Van alles op die 'spyskaart', ontbyt en koffie tot en met die optrede van die sanger Theuns Jordaan, was laasgenoemde die hoogtepunt vir baie feesgangers gewees.

Gelukkig bied ATKV Buffelspoort baie aktiwiteite aan vir die wat nie in die Sitrusfees belangstel nie. Gholf, mini-gholf, vlugbal, muurbal, tennis, staproetes, fietsry, rugbyveld, voëlverkenning, snoeker en potspel, lapa, wipmatte, verhitte onderdak- en buite swembaddens, borrelbaddens en waterwurm en selfs 'n groot skerm in die kroeg vir die wat na hul rugby verlang.

Saterdagaand na boekevat het die vure hoog gebrand (om vleis te braai en die mens warm te hou) en die kuier tot laataand was vol grappies en 'ernstighede'.

Sondagoggend na erediens het ons afsluiting gehou en ongelukkig was daar nie 'n moermeester gewees nie. Daar was beslis 'n goeie kandidaat.

Ek sien al klaar uit na volgende jaar se Sitrusfees.

Groete van wa tot wa.

*-Naomi Groenewald*




Terwyl ons vanaf die onlangse Presidente-saamtrek, in April, huiswaarts gekeer het, het ons met ons getroue woonwa die 100 000ste kilometer wat ons na SAWA-saamtrekke afgelê het, bereik.


Die foto hierby toon *Kelkiewyn* by die presiese plek waar ons die sovéélste mylpaal bereik het.

*-Pierre en Bokkie Eksteen.*

# Peuters & Kleuters




*Hier is die oplossing van Soek die Verskille uit die vorige uitgawe.*



Verbind die getalle en kyk wat kruip hier weg.

Kyk hoe vinnig jy die blokkiesraaisel kan voltooi.



**DWARS**

1. Vrolikheid (13)
8. Minsame geaardheid (9)
10. Persoon wat interplanetêre reise onderneem (9)
13. Groot bak waarin 'n mens jou liggaam kan was (3)
15. Gespierd (8)
16. Jong seun(5)
17. Vas aan mekaar (4)
18. Opklimmende posisie waarna 'n offisier bevorder word (4)
19. Pronkwoning met 'n groot tuin (5)
20. Kors op 'n wond (4)
21. Opeengestapelde dryfys (5)
22. Sneeu, veral in vlokkige vorm (5)

**AF**

2. Vakansie tydens die Pase (12)
3. Houer met 'n hingsel om bv. vloeistof te skep of dra (5)
4. Knolplante wat jou oë laat traan wanneer jy dit skil (3)
5. Tydperk tussen die opkoms en ondergan van die son (3)
6. Aarde (verouderd) (3)
7. Passies op maat van musiek uitvoer (4)
9. Storting, versinking, bv. in water of olie (9)
11. Bevinding, vonnis in die hof (9)
12. Oorspronklike opname waarvan kopieë gemaak kan word (7)
14. Wat 'n tuinier doen (8)

*Antwoorde op bl. 16*

# Humor & die ander

**Etosha: Waar die leeus Afrikaans verstaan.**

Hulle sê daar is nie 'n werk wat méér gesog is as dié van 'n natuurbewaarder nie. Dis nie heeltemal sonder rede nie, want dis 'n voorreg om op 'n plek te kan werk waar jy heeldag en aldag in die natuur verkeer. Dít terwyl die meeste ander mense baie moet betaal om net 'n bietjie daarvan te ervaar. Ek was een van daardie bevoorregte mense, 'n natuurbewaarder in die Etosha wildtuin, een van die regte "manne van die panne". Daardie wêreld se mense praat mos nie van Etosha of die wildtuin nie, hulle praat van die naweek "'n bietjie panne toe gaan". Die hoofnatuurbewaarder was 'n man wat geglo het alle natuurbewaarders moet gereeld patrollies te perd doen. Dan moes ons elke maandeinde 'n volledige verslag indien. Ek kan nie presies onthou hoeveel uur se perdepatrollies verpligtend was nie, maar hier aan die einde van die maand moes ons gewoonlik 'n plan maak om die voorgeskrewe kwota vol te kry. Die patrollies was soms 'n nagmerrie, veral as jy sou opdrag kry om digbeboste gebied te gaan verken. As jy 'n goeie ruiter was, kon dit dalk lekker gewees het, maar ek het nie in daardie klas geval nie. Ek het darem redelik goeie balans gehad en miskien om daardie rede het ek nooit van 'n perd afgeval nie. Daar was ook die lekker van patrollies, want ek en my perd, Swernoot, wat van poonse afkoms was, het mekaar goed verstaan. Wanneer ek hom op die vlaktes teuels gegee het, het Swernoot dit net soveel soos ek geniet.

Omdat daar gewoonlik leeus in die omgewing was, het die jaag-episodes altyd in ooptes plaasgevind waar mens ver kon sien. Dit was ook nie my plan om onder takke deur te jaag en Absolom-Absolom te speel nie. Moet nou net nie dink ek was bang nie. Ek was mos een van die "manne van die panne" en ons het nie maklik geskrik nie. Ek was, soos hulle sê, net versigtig.

So gebeur dit toe dat ek en 'n kollega besluit om 'n patrollie te doen om ons ure "vol te maak". Nie een van ons was al te perd op die Etosha pan self nie en ons besluit toe om 'n bietjie dieper in die pan te gaan rondry. Ons het die voertuie met die perde se sleepwaens ver van die pad gelos, op 'n punt iewers tussen Okondeka en Wolfsnes, vir die wat daardie wêreld ken. Daarvandaan is ons te perd die pan in. Dit was nogal 'n ekspedisie, maar baie veilig: As daar enige leeus op die pan was, sou ons hulle op 'n goeie afstand kon sien. Hoewel die rit 'n onbeskryflike ervaring was, wil ek nie daaroor uitwei nie. Hierdie storie gaan oor dit wat ons met die terugkeer ervaar het en wat 'n ervaring was dit nie!

My kollega, Francois, het 'n perd gery wat kort tevore op Grootfontein gekoop is. Omdat die perd 'n lyf gehad het wat baie aan dié van 'n renperd herinner het, is hy July gedoop. Toe ons uiteindelik weer uit die pan kom en "voet aan wal" sit – dis letterlik hoe dit gevoel het – het Francois gereken ons moet kyk wie's eerste terug by die bakkies. Die twee perde het ook geweet ons was op pad huis toe en het nie op hulle laat wag nie. Aangesien dit oop vlakte was, het hulle op volle vaart reguit na die bakkies toe koers gekies.

'n Hele ent vorentoe, min of meer op ons pad, was daar 'n groot boom, stoksielalleen op die vlakte. Uit die aard van my belangstelling in bome wou ek sommer so in die verbygaan kyk watter soort dit is. Ons het die perde soontoe gestuur. July was ietwat vinniger as Swernoot en ek het effens agter geraak, maar skielik, 'n entjie voor my, het die lyftaal van Francois en sy perd verander. Ek kon sien daar is êrens 'n groot skroef los. July het eers links gemik en toe regs en toe weer links. In 'n stadium het dit vir my gelyk of Francois sommer so in die hardloop van die perd gaan afklim.

En toe sien ek hulle. LEEUS!!

Die hele Okaukuejo-trop van 24 leeus het in die skadu van daardie boom gelê en slaap. Daar was nie tyd om te stop of uit te swaai of selfs op te styg nie. Ons was te naby. Francois doen toe al wat daar was om te doen. Hy stuur vir July reg in die middel van daai trop leeus in, sonder om spoed te verminder. Om die slapende leeus se aandag te trek en hulle te oortuig dat hy eintlik 'n gevaar is waarmee rekening gehou moet word, begin spreek hy hulle toe so effentjies in tale aan. Kyk, ek het al gelees van die Comanche-Indiane se oorlogskreet en hoe bloedstollend en vreesaanjaend dit is, maar dis 'n vulletjie teen dit wat daardie dag uit Francois se keel gekom het. Die leeus moes seker dink hulle word aangeval deur iets uit 'n ander wêreld, want hulle laat spaander in alle rigtings om pad te gee voor die aanstormende skreeuende gedierte. Ongelukkig het 'n paar jong leeus koers gekies in presies dieselfde rigting waarheen ons op pad was. Ek kon sien July begin die gevaar loop om hulle in te haal en op hulle te trap en net daar verander July se hardloopstyl dramaties.

Iewers moes Francois July se *panic button* gedruk het, want hy skakel oor na iets soos 'n kruising tussen 'n volstruis en 'n seeskilpad. Met die agterpote hol hy met alles wat hy het om te probeer wegkom van die leeus agter hom; met die voorpote roei hy so half in die lug om tog net nie op die leeus hier voor hom te trap nie. Die jong leeus gee toe gelukkig pad na weerskante en July kon weer sy voorpote normaal aanwend. Toe hulle grond raak, slaan hy oor na die hardloopstyl van 'n windhond in volle vaart, want sy agterpote kom elke keer hier langs sy ore verby soos hy hom inspan om spoed aan te sit. Dit kan ook wees dat July probeer wegkom het van die gillende ruiter op sy rug, want 'n hele ent anderkant die boom was Francois steeds besig om die leeus in te lig oor wat hulle behoort te doen en waarheen hulle kon gaan. Ek kon net 'n paar woorde uitmaak en een het vir my na "voertsê-ê-ê-k!" geklink. Die res behoort nie gepubliseer te word nie.

Die leeus het so positief gereageer op sy instruksies, dat 'n mens maar kan sê Etosha se leeus verstaan Afrikaans, maar nou moet julle onthou, ek kom nog agterna, met Swernoot steeds salig onbewus van die drama, *happy go lucky,* op pad bakkie toe. Die volgende oomblik is ons tussen die leeus. Swernoot sien hulle en hoor hulle en ruik hulle en ek dink hy het hulle gevoel ook. Kyk, ek was nie 'n kenner van perde nie en het nie geweet perde het *Turbo Boost* nie. Toe ons so mooi tussen die leeus is en Swernoot kom skielik agter hier is nou groot fout ... toe skop sy turbo in.

Toe ons onder die boom uitkom, toe sit ek heel agter op sy kruis en klou soos 'n klein bobbejaantjie aan sy ma soos wat Swernoot onder my uitgehardloop het, maar ek het my pad kon terug klou tot in die saal. Kort daarna is ons verby Francois en July, vol spoed plus 81%.

My sleepwa se agterklap was gelukkig reeds laat sak. Die klap se grendel het gereeld losgeskud en ek het dit altyd met 'n tou vasgemaak sodat dit nie moes oopval nie. Gewoonlik het ons maar gesukkel om die perde in die sleepwa te kry, maar dié slag het Swernoot sommer self daar gaan skuiling soek. Met die intrapslag vat hy die tou so in sy bek en trek daardie klap agter hom toe, so groot het hy geskrik. Die kante van die sleepwa was van plank en aan die een kant was daar 'n gat waar 'n kwas uitgeval het. Toe ek die tou vasgemaak het, stap ek agter toe om die grendel in te skuif en ek sien 'n beweging by die gat. Toe ek deur die gat kyk, kyk ek in Swernoot se oog vas. Hy was besig om met een oog uit te loer waar die leeus was ............... Francois-hulle het eers 'n rukkie later daar opgedaag. Ek kan onomwonde sê dat niemand nog so vinnig beweeg het op 'n perd se rug soos ek daardie dag nie. Perde se sweet ruik heeltemal anders, nogal sleg, veral as hulle geskrik het. Ek het later die saal met water en seep gewas, maar dit was terpentyn wat uiteindelik die reuk verwyder het en eers veel later het dit my bygeval dat ek nooit gekyk het watter boom daardie was nie.

*-Piet Grobler*

# Tegnies

## Sonkrag

Meer en meer word gepraat oor hernubare energiebronne en een wat duidelik in die kampwêreld aftrek kry, is sonenergie. Advertensies word gereeld in buitelewe tydskrifte gesien: klein paneel op die woonwa/bakkie se dak, of die oprolbare een wat nogal duur is. Ek het 'n bietjie gaan naslaan oor wat die slim mense te sê het oor die onderwerp. Die volgende is uittreksels uit 'n artikel wat deur LF van Heerden saamgestel is ('n hoog tegniese artikel).

Gedurende die 1890's het 'n Franse fisikus met die naam van Jaques Backerel ontdek dat indien sekere materiale aan lig blootgestel word, verskaf dit 'n klein elektriese stroom. Dit was egter baie, baie klein en in die stadium nie van belang om te kan gebruik nie. Eers in die 1950s, met die VSA se ruimteprogram, is hierdie tegnologie verder ontwikkel om sonkragpanele te ontwikkel wat krag vir energie, rekenaars en suurstofpompe op die ruimteskepe en satelliete moes opwek. Na die oliekrisis in 1973 is daar meer na dié tegnologie gekyk en die eerste outomatiese vervaardiging van sonkragpanele het in 1983 plaasgevind. In 1990 het die vervaardiging van sonkragpanele in volle swang begin en lande soos die VSA, Spanje, Duitsland, Japan, Italië, Sjina, Indië en Brasilië vervaardig sonkragpanele. Die hart van die sonkragpaneel is die solarsel. Lig wat die solarsel tref, vorm 'n stroombaan deur inkomende lig energie. Solarselle vervaardig elektrisiteit indien dit in die son geplaas word. Verskillende solarselle is beskikbaar. Hoofsaaklik is die *mono*- en *polycrystalline* selle die selle wat nie opgebruik word, of beskadig word terwyl dit energie opwek nie. Hierdie selle se lewe word slegs verkort indien hulle breek of deur die elemente beskadig word. Soos wanner hulle met suurstof in aanraking kom. Hierdie selle is onderskeidelik grys (*monocrystalline*) of groen/blou (*polycrystalline*). *Monocrystalline* selle verwys na 'n sel wat gesny is uit in enkel kristalle van silikon. *Polycrystalline* verwys na selle wat vervaardig is van verskeie selle. Dan is daar ook die *amorphous* selle wat van silikon vervaardig is, wat nie in die kristalvorm is nie, wat baie goedkoper as die *mono*- of *polycrystallne* selle is, maar nie naastenby dieselfde leeftyd het as *mono*- of *polycrystalline* selle nie. Wanneer u panele aankoop moet u baie mooi na die voor- en nadele van die verskillende panele kyk.

Indien die son reghoekig op 'n oppervlakte van 1,0 x 1,0 meter val, word die bestraling van die son op daardie 1,0 vierkante meter as 1 000 watt per vierkante meter gemeet.

*Monocrystalline* sonpanele se effektiwiteit is tussen 11 tot 16 %. Met ander woorde, op 'n seloppervlak van 1,0 vierkante meter kan 110 tot 160 watt per vierkante meter se krag opgewek word.

*Polycrystalline* se effektiwiteit is 9 tot 13 %. Dus kan hier op 'n seloppervlakte van 1,0 vierkante meter 90 tot 130 watt per vierkante meter se krag opgewek word.

*Amorphous* (of *thin film silicon*) selle wat nie deur silikon in die kristalvorm vervaardig word nie, maar deur silikonmateriaal soos silikon "stof" wat op die agterkant van die glas in dun lae gestrooi word, se effektiwiteit is 3 tot 6 %. Met ander woorde, op 1,0 vierkante meter kan 30 tot 60 watt se krag opgewek word.

*Amourphous silicon* verweer oor 'n tydperk. Dit beteken dat hoe ouer *amourphous* panele word, hoe meer verloor hulle hul effektiwiteit. Byvoorbeeld, wanneer *amorphous* panele die eerste keer geïnstalleer word, verskaf dit 20 % meer krag as die panele se kraguitset (in watt). Na 'n paar maande verweer die selle egter en gee dit weer die hoeveelheid krag uit as die paneel se kraguitset in watt.

Die algemene leeftyd van *mono*- en *polycrystalline* panele is 20 tot 25 jaar, wat hierdie panele nie meer as 10 % van sy kraguitset sal laat verloor nie. Die algemene leeftyd van *amorphours* panele is 7 tot 10 jaar.

Dit is baie belangrik om op die volgende te let: Sonpanele is die meeste effektief by 'n sel temperatuur laer as 25 grade Celsius. Hoe warmer die selle, hoe minder effektief is dit en hoe minder krag lewer dit. Daarom is dit belangrik dat daar lugvloei onder die panele is om dit af te koel en sodoende word die panele se leeftyd ook verleng. Panele moet skoongehou word, want voëlmis en stof veroorsaak skaduwees op die selle wat die effektiwiteit laat afneem. Wanneer die panele se *tetlar* (die wit isolasiemateriaal agter op die panele) gekrap word, moet die skeur of gaatjie onmiddellik met marinesilikon toegesmeer word om te verhoed dat die sel in kontak kom met suurstof of water wat die sel laat verweer.

Panele moet nooit met water in die middel van die dag afgespoel word nie, want die water wat op die panele agterbly, werk soos 'n vergrootglas en die selle en *tetlar* word bruin gebrand deur die druppels wat die vergrootglas vorm.

Neem eerder 'n klam lap met matige seepoplossing en vee vroegoggend of laatmiddag die panele af. Indien u panele koop, let op die volgende: Indien die prys Rand per watt buitengewoon laag is, is die panele of B-graad of 'n nie-standaard paneel, of dit is 'n *amorphous* paneel. Met 'n B-graad paneel bedoel ek dat die paneel nie die algemene standaarde gehaal het nie en dan sal die plakker met die tegniese gegewens of "*B-ware*" aantoon, of daar is geen plakker nie, of daar is lugblasies tussen die glas en die paneel, of die *tetlar* is los aan die agterkant van die paneel. In die geval van lugblasies tussen die glas en die selle is daardie selle reeds besig om te verweer. So ook indien die *tetlar* los agter op die paneel is. Daar is egter *B*

➔

## Brits Woonwaens BK




Brits Woonwaens is ongeveer 50 km vanaf Pretoria en sowat 100 km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabriek te Ga Rankuwa.
Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reekse aan, asook Jurgens sleepwaens.
Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos, Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.

Met bekwame mense soos Lucas Erasmus aan die verkope kant, Francois Stander aan die operasionele kant en
Oom Eddie Stander aan die stuur, bied ons 'n professionele en persoonlike diens aan ons klante.

Besoek ons gerus in **Van Deventerstraat 39, Brits** of kontak ons by **012 252 5169**. Daar is natuurlik ook 'n e-posadres: **britswoonwaens@lantic.net** en faksnommer: **012 252 7722**
Ons webwerfadres is **www.britscaravans.co.za**
GPS S25° 37,811' O27° 46,826'

### Sonkrag

Meer en meer word gepraat oor hernubare energiebronne en een wat duidelik in die kampwêreld aftrek kry, is son-energie. Advertensies word gereeld in buitelewe tydskrifte gesien: klein paneel op die woonwa/bakkie se dak, of die oprolbare een wat nogal duur is. Ek het 'n bietjie gaan na-slaan oor wat die slim mense te sê het oor die onderwerp. Die volgende is uittreksels uit 'n artikel wat deur LF van Heerden saamgestel is ('n hoog tegniese artikel).

Gedurende die 1890's het 'n Franse fisikus met die naam van Jaques Backerel ontdek dat indien sekere materiale aan lig blootgestel word, verskaf dit 'n klein elektriese stroom. Dit was egter baie, baie klein en in die stadium nie van belang om te kan gebruik nie. Eers in die 1950s, met die VSA se ruimteprogram, is hierdie tegnologie verder ontwik-kel om sonkragpanele te ontwikkel wat krag vir energie, rekenaars en suurstofpompe op die ruimteskepe en satellie-te moes opwek. Na die oliekrisis in 1973 is daar meer na dié tegnologie gekyk en die eerste outomatiese vervaardiging van sonkragpanele het in 1983 plaasgevind. In 1990 het die vervaardiging van sonkragpanele in volle swang begin en lande soos die VSA, Spanje, Duitsland, Japan, Italië, Sjina, Indië en Brasilië vervaardig sonkragpanele. Die hart van die sonkragpaneel is die solarsel. Lig wat die solarsel tref, vorm 'n stroombaan deur inkomende lig energie. Solarselle ver-vaardig elektrisiteit indien dit in die son geplaas word. Ver-skillende solarselle is beskikbaar. Hoofsaaklik is die *mono-* en *polycrystalline* selle die selle wat nie opgebruik word, of beskadig word terwyl dit energie opwek nie. Hierdie selle se lewe word slegs verkort indien hulle breek of deur die ele-mente beskadig word. Soos wanner hulle met suurstof in aanraking kom. Hierdie selle is onderskeidelik grys (*monocrystalline*) of groen/blou (*polycrystalline*). *Monocrys-talline* selle verwys na 'n sel wat gesny is uit in enkel kristal-le van silikon. *Polycrystalline* verwys na selle wat vervaardig is van verskeie selle. Dan is daar ook die *amorphous* selle wat van silikon vervaardig is, wat nie in die kristalvorm is nie, wat baie goedkoper as die *mono-* of *polycrystallne* selle is, maar nie naastenby dieselfde leeftyd het as *mono-* of *polycrystalline* selle nie. Wanneer u panele aankoop moet u baie mooi na die voor- en nadele van die verskillende pane-le kyk.

Indien die son reghoekig op 'n oppervlakte van 1,0 x 1,0 meter val, word die bestraling van die son op daardie 1,0 vierkante meter as 1 000 watt per vierkante meter gemeet.

*Monocrystalline* sonpanele se effektiwiteit is tussen 11 tot 16 %. Met ander woorde, op 'n seloppervlak van 1,0 vier-kante meter kan 110 tot 160 watt per vierkante meter se krag opgewek word.

*Polycrystalline* se effektiwiteit is 9 tot 13 %. Dus kan hier op 'n seloppervlakte van 1,0 vierkante meter 90 tot 130 watt

## Twee van Wesrand se lede toer saam

Die toer het met 23 waens afgeskop. Ons asook oom Pierre en tannie Bokkie was bevoorreg om die Nasionale Senior Burgertoer na die Kruger Wildtuin en Swadini te kon meemaak en het 'n ander sy van SAWA beleef, vriende gemaak en dit geweldig geniet. Hoewel Paula aanvanklik skepties oor die wildtuin se besoek was, is dit juis die deel wat sy die meeste geniet het. 'n Kort beriggie oor die toer sal geensins die lekker van die toer kan beskryf nie, nie die konvooi, kamp, kuier, vriendelikheid en rondry nie. Die ysige koue by Nkwe het geensins die warmte van die toerlede verkoel nie, selfs nie 'n woonwa wat afgeskryf is en verder met 'n ander wa getoer is nie, het afbreuk gedoen aan die gees van die lede nie. Ons moes ongelukkig afskeid van een van die toerlede neem nadat hulle voertuig onklaar geraak het.

In die wildtuin het ons darem die Groot Vyf kon sien en die weer was ons baie goedgesind. Ons moes net een nag 'n bietjie ongerief verduur toe 'n veldbrand net buite Satara ons soos plakkers in die rook gelaat het.



Hoewel die Noordelike Presidente-saamtrek nie goed deur die noordelike streke bywoon was nie, was die vrolike gees ook tydens die kermis onder die wat wel daar was, aansteeklik gewees. Hier het ons werklik SAWA ervaar. Die toergroep was verantwoordelik vir die pannekoektafel en tussen ons was die fynproewers gou om 'n wysiging in die resep te kon waarneem, maar dit was gou reggestel!

'n Uitstappie na Mariepskop (ek dink ons was 18 voertuie) het ons die omgewing uit 'n ander hoek en perspektief laat sien. Ongelukkig het tannie Bokkie grond daar gekoop (wat sy moes agter laat), maar dit was darem nie ernstig nie!

Dit was feitlik soos een man wat die stemme aan die einde van die toer opgekom het – wanneer vertrek ons weer?!

*-Dániel en Paula van Deventer*

# Op 'n ander trant.....

Die bestuur het tydens 'n bestuurskamp besluit dat die lede hulle opinie d.m.v. 'n vraelys kan lig. Die vraelys is aan die lede beskikbaar gestel en slegs 10 lede het gereageer. Die gewildste voorkeure is hier opgesom.

***Is daar tekortkominge in die werkwyses van die bestuur wat u graag wil uitlig?*** *Die lede se kommentaar:*

Geen kommentaar; Punte van belang is reeds aangespreek in Kampvuurnuus; Kommunikasie is nie na wense nie (bestuur na lede); Bestuur se verskillende sienswyses moet in samewerking en ooreenstemming hanteer word; Besluite moet aan lede deurgegee word; Daar is altyd dwarstrekkers en rugstekers; Bestuur vorm klieks en gee min inligting deur na die lede toe; Swak leierskap; Mobilisering van gewone lede skiet tekort (bv. 40ste verjaarsdag).

***Op 'n skaal van 0 tot 10, wat sal u vir die bestuur gee t.o.v. die bevordering van samehorigheid onder Wesrand-lede? (0 = uiters swak; 10 = kannie vir beter vra nie).***

2, 1, 2, 8, 5, 4, 9, 2, 5, 7, - d.w.s. gemiddeld = 4,5

***Dui aan wat vir u belangrik vir 'n streekkamp is:*** *(0 = glad nie belangrik nie; 10 = baie belangrik—elke keer in hakies na die vraag)*

***Veiligheid - Wat verstaan u onder veiligheid?*** **[9—d.w.s. baie belangrik]**

Veiligheid is van kardinale belang. Ek wil rustig gaan slaap en nie al my goed weg te pak as ek gaan slaap nie; Beheerde toegang en elektriese omheining; Betroubare sekuriteit; Kinders moet veilig kan speel; Die wa moet oopgelos kan word; Veiligheid by ingang, met 'n goedversorgde omheining; Beheer van in- en uitgang; Werkende elektriese omheining met dinamiese beheerde toegang. Nagwagte wat patrolleer sal 'n pluspunt wees; Besittings veilig oor naweek; Dagbesoekers moenie 'n faktor wees nie. Kinders moet voldoende toesig hê.

***Fasiliteite – Wat is belangrik by 'n oord?*** **[9—d.w.s. baie belangrik]**

Grondbedekking – aangeplante gras [10]
Skaduwee – bome [7]
Staanplekke – ongemerk, moet darem nie te skuins wees nie [6]
Winkel is nie belangrik nie [6]

Die bestuur het tydens 'n bestuurskamp besluit dat die lede hulle opinie d.m.v. 'n vraelys kan lig. Die vraelys is aan die lede beskikbaar gestel en slegs 10 lede het gereageer. Die gewildste voorkeure is hier opgesom.

***Is daar tekortkominge in die werkwyses van die bestuur wat u graag wil uitlig?*** *Die lede se kommentaar:*

Geen kommentaar; Punte van belang is reeds aangespreek in Kampvuurnuus; Kommunikasie is nie na wense nie (bestuur na lede); Bestuur se verskillende sienswyses moet in samewerking en ooreenstemming hanteer word; Besluite moet aan lede deurgegee word; Daar is altyd dwarstrekkers en rugstekers; Bestuur vorm klieks en gee min inligting deur na die lede toe; Swak leierskap; Mobilisering van gewone lede skiet tekort (bv. 40ste verjaarsdag).

***Op 'n skaal van 0 tot 10, wat sal u vir die bestuur gee t.o.v. die bevordering van samehorigheid onder Wesrand-lede? (0 = uiters swak; 10 = kannie vir beter vra nie).***

2, 1, 2, 8, 5, 4, 9, 2, 5, 7, - d.w.s. gemiddeld = 4,5

***Dui aan wat vir u belangrik vir 'n streekkamp is:*** *(0 = glad nie belangrik nie; 10 = baie belangrik—elke keer in hakies na die vraag)*

***Veiligheid - Wat verstaan u onder veiligheid?*** **[9—d.w.s. baie belangrik]**

Veiligheid is van kardinale belang. Ek wil rustig gaan slaap en nie al my goed weg te pak as ek gaan slaap nie; Beheerde toegang en elektriese omheining; Betroubare sekuriteit; Kinders moet veilig kan speel; Die wa moet oopgelos kan word; Veiligheid by ingang, met 'n goedversorgde omheining; Beheer van in- en uitgang; Werkende elektriese omheining met dinamiese beheerde toegang. Nagwagte wat patrolleer sal 'n pluspunt wees; Besittings veilig oor naweek; Dagbesoekers moenie 'n faktor wees nie. Kinders moet voldoende toesig hê.

***Fasiliteite – Wat is belangrik by 'n oord?*** **[9—d.w.s. baie belangrik]**

Grondbedekking – aangeplante gras [10]
Skaduwee – bome [7]
Staanplekke – ongemerk, moet darem nie te skuins wees nie [6]
Winkel is nie belangrik nie [6]
Speelpark en geriewe vir kinders [6]
Braaigeriewe is nie belangrik nie [5]
Ablusie geriewe – moet skoon en voldoende wees en naby [5]
Natuur – ontwikkel (geplaveide/geteerde strate/verlig/ens.) [5]
Staanplekke – afgebaken en gelyk [5]

*Bykomende kommentaar:*

Mooi plek; Opwasgeriewe; Kinders moet gelukkig wees; Akkurate aanwysings na die oord moet deurgegee word.

***Koste - Wat is na u mening 'n billike tarief vir 'n naweek?*** **[8]**

R280 – R390 (een het gesê "so min as moontlik")

***Atmosfeer*** **[8]**

Rustigheid [9]
Baie aktiwiteite - kinders [3]
- volwassenes [2]

***Samesyn van medelede*** **[8]**

Saam kuier rondom 'n kampvuur [9]
Etes – belangrik dat daar saam geëet word [4]
Etes – net sekeres eet saam [4]
Etes – stel nie belang om etes op 'n Vrydagaand te koop nie [4]
Aktiwiteite – elkeen doen sy eie ding [4]

*Etes – tipe aandete verkies op bv. die Vrydag met aankoms wat deur die kampkommandante voorsien word:* Enige iets (billike prys); Sop in winter; Toebroodjies; Hamburgers; Vullende en vinnige ete; Pasta en maalvleis

1. Opgeruimdheid 2. Paasvakansie 3. Emmer 4. Uie 5. Dag 6. Erd 7. Dans 8. Sagmoedig 9. Dompeling 10. Ruimteman 11. Uitspraak 12. Meester 13. Bad 14. Tuinwerk 15. Atleties 16. Knaap 17. Teen 18. Rang 19. Villa 20. Rowe 21. Pakys 22. Kapok

## SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie.

Verder verbind ek myself tot die volgende:

- Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.
- Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons Assosiasie uit te brei.
- Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.
- Ek sal poog om alles openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking, so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.
- Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.
- Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom, af te dwing.

## Kampkos

### Heerlike Aartappelgebak

**Bestanddele**
6 medium aartappels (gekook en skille afgetrek)
1 pakkie wit uiesop
500 ml melk
1 houer room
1 lepel margarine
1 pakkie spek gesnipper
1 houer sampioene gesnipper
1 koppie kaas
1 soetrissie (opsioneel)
1 pakkie Patato Bake (i.p.v. room en uiesop)

**Metode**
Braai spek en sampioene tot gaar.
Maak sop met melk en room aan en verhit tot dit begin dik word.
Pak lae van: sop, aartappels, spek.
Begin met sop, dan aartappels, (gooi sout peper Aromat en pietersielie oor elke aartappel laag).
Dan spek en sampioene.
Herhaal en eindig met sop.
Strooi kaas bo-oor.

## Kampe vir 2011

| | | | |
|---|---|---|---|
| Augustus | 19 / 20 | County Park | S26˚ 3’ 27,0” O27˚ 52’ 52,3” |
| September | 23 / 24 | Dube | S25˚ 28’ 28,1” O27˚ 48’ 37,8” |
| Oktober | 21 / 22 | Klipdraai | S26˚ 36’ 24,2” O27˚ 59’ 37,2” |
| November | 18 / 19 | Eastco Magalies (Kersboom) | S25˚ 57’ 17,8” O27˚ 3’ 46,1” |

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07-Junie | Tricia | Swanepoel | 076 570 0059 |
| 20-Junie | Naomi | Groenewald | 076 754 2842 |
| 06-Julie | Hermoine | Senekal | 011 953 4517 |
| 06-Julie | Paula | van Deventer | 011 954 2575 |
| 07-Julie | Okkie | Olivier | 011 692 1213 |
| 07-Julie | Monica | Viljoen | 011 660 3685 |
| 12-Julie | Pierre | Eksteen | 011 660 5225 |
| 15-Julie | Mark | Draper | 012 664 4378 |
| 22-Julie | Kobus | Viljoen | 011 660 3685 |
| 06-Aug | Kobus | Eksteen | 011 954 0987 |
| 12-Aug | Casper | Eksteen | 011 954 0336 |
| 19-Aug | John | Craven | 083 212 0969 |

*Mag jy altyd hê ...*
*... genoeg GEDULD om jou dierbaar te maak*
*... genoeg VERDRIET om jou menslik te maak*
*... genoeg HOOP om jou gelukkig te maak*
*... genoeg TERUGSLAE om jou nederig te maak*
*... genoeg VRIENDE om jou te troos*
*... genoeg VERDIENSTE om jou gemaklik te laat lewe*
*... genoeg GEESDRIF om jou na die dag van more te laat uitsien*
*... genoeg GELOOF om jou swartgalligheid af te weer*
*... genoeg WILSKRAG om elke dag 'n beter dag as gister te maak.*

# Ledelys

| Lidno. | | Naam | Adres | Tel. | e-pos |
|---|---|---|---|---|---|
| 10056 | JH | Botha | Tulbachlaan 23<br>Culemborgpark<br>Randfontein, 1760 | 083 340 4291 (h)<br>012 348 9308 (w) | |
| 8143 | J | Buys | Posbus 821<br>Ferndale, 2160 | 011 787 7008 (h)<br>011 761 5200 (w) | |
| 9894 | GA | Coertze | Posbus 1827<br>Krugersdorp, 1740 | 011 693 4121 (h)<br>082 651 1665 (w) | |
| 10055 | JR | Craven | Posbus 3758<br>Witbeeck, 1729 | 083 212 0969 (h)<br>011 301 8925 (w) | nelliec@mtn.co.za<br>johncraven@mwebbiz.co.za |
| 10253 | AS | De Koker | Posbus 989<br>Randfontein, 1760 | 011 693 2985 (h)<br>082 854 2626 | |
| 11655 | MD | Draper | Posbus 3758<br>Pretoria | 012 664 4378 (h)<br>012 312 3702 (w) | |
| 8496 | CJ | Eksteen | Posbus 267<br>Paardekraal, 1752 | 011 954 0336 (h)<br>011 954 2651 (w) | onext1@absamail.co.za |
| 452 | P | Eksteen | 1 ste Straat 53<br>Krugersdorp, 1739 | 011 660 5225 (h) | |
| 6640 | PJ | Eksteen | Posbus 267<br>Paardekraal, 1752 | 011 954 0987 (h)<br>01 954 2651 (w) | cobusxt1@absamail.co.za |
| 11436 | LD | Erasmus | Posbus 6103<br>Boksburg-Noord, 1461 | 011 876 0384 (h) | |
| 6941 | CJ | Grobbelaar | Integrarylaan 50<br>Breaunanda, 1739 | 011 955 2680 (h)<br>011 456 2787 (w) | |
| 7653 | F | Groenewald | Wilde Amandellaan 152<br>Wilropark<br>Roodepoort, 1724 | 011 768 2411 (h)<br>011 879 9066 (w)<br>083 677 5621 | fgroenewald@mfc.co.za<br>naomi.groenewald@eskom.co.za |
| 1402 | JM | Groenewald | Wilde Amandellaan 152<br>Wilropark<br>Roodepoort, 1724 | | |
| 3778 | K | Harmse | Jubilado Aftree Oord<br>Privaat sak X 2<br>Paardekraal, 1752 | 011 954 1426 (h) | |
| 9511 | JG | Joubert (Sr.) | Buurenstraat 34<br>Witpoortjie, 1724 | 083 515 9786 | |
| 9510 | JG | Joubert (Jnr) | Vermootenstraat 768<br>Groblerspark<br>Roodepoort, 1724 | 011 664 6058 (h)<br>011 762 4902 (w) | lizle.joubert@liberty.co.za |
| 10169 | FW | Kraukamp | Posbus 1944<br>Randpark Rif, 1256 | 011 794 6817 (h) | rkraukamp@yahoo.com |
| 5781 | H | Mans | Headfordlaan 51<br>Crosby, 2092 | 011 837 5094 (h) | |

| Lidno. | Naam | | Adres | Tel. | e-pos |
|---|---|---|---|---|---|
| 3098 | WF | Mynhardt | Lydia Hof 10<br>Eeste Laan 33<br>Florida, 1709 | 011 672 8328 (h) | |
| 475 | D | Odendaal | Posbus 3951<br>Helikon Park<br>Randfontein, 1760 | 011 412 1272 (h) | |
| 3774 | OP | Olivier | Posbus 3083<br>Randgate, 1763 | 011 692 1213 (h) | |
| 8721 | GA | Olivier | Posbus 91<br>Parys, 9585 | 056 811 5795 (h)<br>056 817 7325 (w) | gert.olivier@senwes.co.za |
| 10054 | WE | Ross | Napierlaan 330<br>Lindhaven<br>Roodepoort, 1724 | 011 766 2539 (h)<br>011 450 1379 (w)<br>083 701 1921 | lross@pnp.co.za |
| 10183 | H | Senekal | Posbus 637<br>Rant en Dal, 1751 | 011 953 4517 (h) | |
| 8364 | WW | Steyn | Eekhoringstraat 12<br>Rant en Dal<br>Krugersdorp, 1739 | 011 953 2908 (h)<br>011 636 4632 (w)<br>082 823 4013 | willie.steyn@standardbank.co.za<br>martie.steyn@za.drdgold.com |
| 12240 | LJ | Soekoe | Posbus 7078<br>Westgate, 1734 | | soekoe@telkomsa.net |
| 12249 | CW | Soekoe | Posbus 6755<br>Ansfrere, 1711 | 083 451 2792 | |
| 11456 | JH | Swanepoel | Headfordlaan 51<br>Crosby<br>2092 | 011 837 5094 (h)<br>011 334 4250 (w)<br>083 700 7132 | diamondswanepoel@gmail.com |
| 11457 | LVB | Swanepoel | Goldstraat 5<br>Triomf, 2092 | 076 570 0059<br>011 472 3600 (w) | tricia@uasa.org.za |
| 11324 | JWP | Tolmay | Blommesteinstraat 62<br>Krugersdorp Noord, 1739 | 011 665 3733 (h)<br>011 665 3733 (w) | |
| 3131 | MA | van den Berg | Posbus 7215<br>Krugersdorp Noord, 1741 | 011 954 8158 (h)<br>011 660 6258 (w) | |
| 4281 | L | van der Zwan | Posbus 358<br>North Riding, 2162 | 011 462 2242 (h) | lvanderzwan@basilread.co.za |
| 12061 | DJ | van Deventer | Posbus 91<br>Paardekraal,<br>1752 | 011 954 2575 (h)<br>016 428 4011 (w)<br>083 408 2758 | daniel.vandeventer@becker-bic.com<br>pm.vdeventer@gmail.com<br>daniel.vandeventer@gmail.com |
| 6628 | GJ | van Niekerk | Posbus 76<br>Florida Hills, 1761 | 011 672 9317 (h) | |
| 6933 | JF | Viljoen | Posbus 1405<br>Noordheuwel, 1756 | 011 660 3685 (h)<br>082 453 4775 | mignnonne.groenewald@absa.co.za |




Indien onafgelewer, stuur terug aan:

**POSBUS 91**

**PAARDEKRAAL**

**1752**